NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 13 MEI 2004 OM 09:30 TE NG KERK CRADOCK-OOS

1. OPENING

1.1 Vergaderplek

1.1.1 Die Sinodale Kommissie vergader in die konsistorie van die NG Kerk Cradock-Oos

1.2 Skriflesing en gebed

1.2.1 Ds JJ Nortier neem die opening waar.

1.2.2 Die vergadering sing Lied 281 verse 1,2,3 en Lied 467:1,2.

1.2.3 Ds Nortier lees voor uit Lukas 7:18-23 en 2 Korintiërs 5:16-19.

Hy onderstreep die woorde van Paulus: "Dit alles in die werk van God". Dit is God wat werk en genesing, wonders en vrede bring waar dit stukkend is. Hy verwys na genesing in verhoudings en vertel die storie agter 'n lidmaat se woorde: "Henk stroop weer mielies by Coligny" wat direk aan God se genesende werk toe te skryf is.

Hy beklemtoon dat dit God is wat werk en dat God se mense nie sy werk moet probeer oorneem nie. As God in beheer is, en die kerk aan Hom behoort, hoef ons nie self kerk te organiseer nie. God doen dit.

1.2.4 Die vergadering sing Lied 434:1,2,4

1.3 Geloofsverbintenis: Oos-Kaapland

1.3.1 Die vergadering verbind haarself opnuut tot die sinodale geloofsverbintenis onder leiding van die voorsitter.

GELOOFSVERBINTENIS

Ons glo aan een kerk as spieëlbeeld van ons een God: Vader, Seun en Heilige Gees.
Daarom verbind ons ons aan eenheid onder mekaar, in ons kerkfamilie en met ander Christene oor die wêreld.

Ons glo aan `n heilige kerk wat deur wet en belydenis `n ligdraer in die wêreld is.
Daarom verbind ons ons om as Geesvervulde mense prakties aan die evangelie gestalte te gee.

Ons glo aan `n algemene kerk wat weens Christus se koningskap oor tyd en ruimte heen bestaan;
Daarom verbind ons ons om die boodskap van Christus oor die wêreld heen te dra.

Ons glo aan `n Christelike kerk wat as barmhartigheidsgemeenskap in Christus gesalf is;
Daarom verbind ons ons om met dade lief te hê en blymoedige offers te bring.

Ons glo aan die gemeenskap van die heiliges wat hulle gawes met vreugde tot nut van mekaar gee;
Daarom verbind ons ons om na mekaar om te sien en die ander se belang eerste te soek.

1.4 Sang

Die vergadering sing Lied 532:1,2,3 saam.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJ de G Schutte – Voorsitter
Ds ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton – Skriba
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk
Ds MF Steyn
Ds CH van Heerden – DL Finansies (verskoning)

2.2 Lede deur die Ringe benoem

RINGE	PRIMARII	SEKUNDI
Albanie	Ds WG Olivier Oudl (ds) JM Wolmarans (Fort Beaufort)	
Algoa	Oudl (me) V Schäfer (Lorraine)	Ds A Oliphant
Burgers-dorp	Ds AC van der Westhuizen (Aliwal-Noord)	Oudl (me) N Nel (Aliwal-Noord)
Cradock	Ds JJ Nortier	Oudl LC Moolman (Cradock-Noord)
Dordrecht	Ds WA van Zyl Oudl L Theron (Barkly-Oos)	
Graaff-Reinet	Ds EH Ferreira	Diak (me) S Francis (Jansenville)

Humans-dorp	Ds MF Steyn	Oudl (me) J Beukes (Humansdorp)
Oos-Londen	Oudl A Olivier (KWT)	
Port Elizabeth	Ds M van Niekerk Oudl (ds) PL Louw (Kensington)	
PE-Wes	Ds C Coetzee Diak (me) E Anderson (Sionsrand)	
Queenstown	Ds DF Oelofse Oudl F van Z Bakkes (Cathcart)	
Sondags-rivier	Ds AHG Lötter Diak SE Phillipson (Despatch-Eendrag)	
Uitenhage	-	-

'n Skriftelike verskoning is ontvang van ds TJ van Schoor wat Pinkster hou op Aliwal-Noord.

2.3 Adviserend

Dr J Viljoen – Direkteur Administrasie

2.4 Op uitnodiging

Dr A Oliphant – DL Diens van Barmhartigheid
Dr JD Prinsloo – DL Gemeentebediening
Ds JH van Niekerk – DL Getuienis (Verskoning)
Ds WP Petzer – DL Jeug
Dr JP Cloete – DL LAS
Mev L Steyn – DL Vrouelidmate
Prof PJ Naudé - Ad Hoc Projekbestuurder Netwerk vir Navorsing (Verskoning)
Ds BIC Steyn - Ad Hoc Projekbestuurder Begeleidingsnetwerk

2.5 Verskonings

Die verskonings soos hierbo aangedui word goedgekeur.

2.6 Reiskostevorms

Die DA hanteer die reiskostevorms.

3. SITTINGSURE

Die volgende sittingsure word goedgekeur:

09:30 - 10:00 Tee
10:00 - 13:00 Vergadering
13:00 – 13:45 Ete
13:45 - Vergadering tot en met afsluiting.

4. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

4.1 Die sakelys word met die volgende sake aangevul:

11.1 Verslag DL Gemeentebediening
11.2 Huweliksverryking vir predikante
15.1 Besprekingspunt Homoseksualiteit (Bylaag K)
19.1 Begroting 2004 / 2005 (Bylaag M en M1)
20.1 Skrywe Voorsitter ASK (Bylaag N)

4.2 Die volgende bykomende Bylae word by die sakelys gevoeg:

- By pt 6.2.5 – Bylaag O, O1, O2, O3, O4
- By pt 6.3.3 – Bylaag L
- By pt 18.1 – Bylaag J1
- By pt 21.1 Bylaag P en Bylaag Q

5. NOTULES VIR KENNISNAME

5.1 SK - 2003-11-27 Bylaag A

5.2 SK-Dagbestuur - 2004-02-05 Bylaag B

5.3 SK-Dagbestuur - 2004-04-15 Bylaag C

5.4 Besluit

Kennis geneem.

6. SAKE VOORSPRUITEND

6.1 SK 2003-11-27 Bylaag A

6.1.1 Jaarlikse Bydraes: NG Kerk van Suid-Afrika (pt 6.1)

6.1.1.1 Die saak kom ook in die volgende notules voor: SK-Dagbestuur 2004-04-15 pt 5.1.4; en SK-Dagbestuur 2004-02-05 pt 5.1.4.

6.1.1.2 Besluit

Kennis geneem dat die NG Kerk van Suid-Afrika die wyse waarop die Oos-Kaapse bydrae bereken word, aanvaar het, en daarmee dus ook die beginsel van 'n inkomste-begroting.

6.1.2 Hulp aan Kerk in Zimbabwe (pt 6.2.1)

6.1.2.1 Die saak kom ook in die volgende notules voor: SK-Dagbestuur 2004-04-15 pt 5.1.15 en SK-Dagbestuur 2004-02-05 pt 5.2.1.

6.1.2.2 Die DA rapporteer dat die bydraes tans sowat R30,000 beloop.

6.1.2.3 Besluit:

Met dank kennis geneem van die stand van die kollekte. Gemeentes wat nog nie so 'n kollekte opgeneem het nie, word versoek om dit wel te doen.

6.1.3 Verkoop van eiendomme (pt 6.2.3)

6.1.3.1 Die saak kom ook in die volgende notules voor: SK-Dagbestuur 2004-04-15 pt 5.1.3 en SK-Dagbestuur 2004-02-05 pt 5.1.3.

6.1.3.2 Kennis geneem dat alle eiendomme verkoop is. Okkupasiehuur word vir die Sinodale Sentrum ontvang.

6.1.4 Ringsprojekte (pt 12.2)

6.1.4.1 Die saak kom ook in die volgende notules voor: SK-Dagbestuur 2004-04-15 pt 5.1.17 en SK-Dagbestuur 2004-02-05 pt 15.

6.1.4.2 Kennis geneem dat die twee ringe wat aanvanklik nie ringsprojekte voorgelê het nie, wel aansoek gedoen het.

6.1.5 NGK Patmos (pt 15.1) Bylae D,E,F,G

6.1.5.1 Die volgende Bylae dien voor die vergadering:
1. Bylaag D: Kommentaar deur Patmos op Verslag A2.6.2
2. Bylaag E: Kommentaar deur Patmos op Verslag A2.6.2
3. Bylaag F: Skrywe deur Patmos
4. Bylaag G: Verslag van ‘n gesprek tussen moderatuurslede en di TJ Pienaar
5. SK-Dagbestuur 2004-04-15 pt 5.1.6 - 5.1.6.3.2
6. SK-Dagbestuur 2004-02-05 pt 5.1.6

6.1.5.2 Kennis geneem van Bylae D, E, F, G.

6.1.5.3 Die voorsitter stel **Bylaag P pt 9.2** aan die orde. Die vergadering neem die volgende besluite:

P9.2.1 Kennis geneem
P9.2.2 Goedgekeur
P9.2.3 Goedgekeur
P9.2.4 Goedgekeur

6.1.6 Teologiese Studiefonds (pt 15.8)

6.1.6.1 Die saak kom ook in die volgende notule voor: SK-Dagbestuur 2004-02-05 pt 16.2

6.1.6.2 Besluit:
Indien daar surplusse op hierdie fondse sou wees, kan hierdie gelde aangewend word vir die Oos-Kaapse aandeel aan die Kweekskool Stellenbosch se begroting.

6.2 SK-DAGBEST. - 2004-02-05 Bylaag B

6.2.1 Streekskonvent 2004 (pt 5.1.2)

6.2.1.1 Die saak kom ook in die volgende notule voor: SK-Dagbestuur 2004-04-15 pt 5.1.2

6.2.1.2 Die saak staan oor in die lig van die Kaapland-Konvent wat later vanjaar gehou word.

6.2.2 Skrywe Ring van Cradock: Aanpassing van die Kerkorde (pt 5.1.10)

6.2.2.1 Die saak is na B-Net en NN verwys. Die saak staan oor.

6.2.3 Prinsipiële Verwysingsraamwerk vir Deskundige Lede (pt 5.1.13)

6.2.3.1 Die saak kom ook in die volgende notule voor: SK-Dagbestuur 2004-04-15 pt 5.1.11.

6.2.3.2 Bylaag P (Notule Vergadering van Lede van die Moderatuur dd 11 Mei 2004) **pt 5** dien voor die vergadering en die volgende besluite word geneem:

Pt 5.1 Kennis geneem
Pt 5.2.1 – 5.2.1.5 Goedgekeur
Pt 5.2.2 – 5.2.2.3 Goedgekeur
Pt 5.2.3.1 Goedgekeur.

6.2.4 Personeelvermindering: Sinodale Sentrum (pt 16.1)

6.2.4.1 Die SK neem kennis dat die personeel-vermindering weens die verkoop van die Sinodale Sentrum afgehandel is.

6.2.5 Colloquium Doctum: Mnr Vernon Johan Louw (pt 17.2)
Bylaag O, O1, O2, O3, O4

6.2.5.1 Die saak kom ook voor in die volgende notule: SK-Dagbestuur 2004-04-15 pt 5.1.21

6.2.5.2 Mnr Vernon J Louw verskyn ter vergadering vir ‘n persoonlike gesprek met die Sinodale Kommissie rondom sy hertoelating tot die bediening. ‘n Indringende gesprek word gevoer.

6.2.5.3 Besluit
Die vergadering keur broer Vernon Louw se toelating tot die bediening goed.

6.2.6 Pensioenbydrae van ds T Pienaar (Jnr) van die NG Gemeente Patmos (pt 18.3)

6.2.6.1 Die saak kom ook in die volgende notule voor: SK-Dagbestuur 2004-04-15 pt 5.1.23.

6.2.6.2 Ds T Pienaar jnr is nie lid van die Predikante Pensioenfonds nie. Die saak is deurgegee aan die Trustees van die Pensioenfonds.

6.3 SK-DAGBEST. - 2004-04-15 Bylaag C

6.3.1 Volmag aan SK-Dagbestuur om SK-Notules goed te keur (pt 5.1.1)

6.3.1.1 Besluit:
Die SK verleen volmag aan die SK-Dagbestuur om SK-Notules goed te keur en die opdragte daarvan uit te voer. Notules van alle vergaderings sal so gou moontlik na die tyd per e-pos aan die lede van die SK gestuur word.

6.3.2 Befondsingskedule Ringsprojekte (pt 15.1.1)

6.3.2.1 Die saak staan oor tot by pt 18.1 op hierdie sakelys.

6.3.3 Afvaardiging na die Algemene Sinode 2004 (pt 18.6)

6.3.3.1 **Bylaag H** (Afvaardiging na die Algemene Sinode Oktober 2004 – ongedateerd) dien voor die vergadering. Die vergadering neem kennis van Bylaag H.

6.3.3.2 **Bylaag L** (Skrywe van die Ring van PE ré Tekort op Begroting vir die Algemene Sinode dd 5 Mei 2004) dien voor die vergadering: Die vergadering neem kennis van Bylaag L.

6.3.3.3 Besluit:
1. Die vergadering besluit om by samestelling van die afvaardiging te handhaaf soos goedgekeur tydens Sinode 2003.
2. Die saak word vir uitvoering na die Moderatuur en die DA verwys.

7. OPVOLG EN EVALUERING

7.1 Ritme

7.1.1 Die SK het op sy vergadering van 27 November 2003 die jaarprogram aan die hand van 'n bepaalde ritme belyn. Die volgende tabel verteenwoordig hierdie strategiese belyning:

Maand	Proses	Persone
Augustus	**Visionering en strategie**	**Moderatuur en SK-Dagbestuur**
September	**Navorsing en ontwerp van prosesse en projekte**	**Deskundige lede, Ringsvergaderings en Sinodale Vergaderings**
Oktober		
November	**Projekte en begroting**	**Sinodale Kommissie**
Desember	**Reses**	
Januarie		
Februarie	**Begeleiding en implementering (kan oorloop tot in Junie)**	**Deskundige lede en spanne. Sinodale werkswinkels**
Maart		
April		
Mei	**Opvolg en evaluering**	**SK Dagbestuur en Sinodale Kommissie**
Junie		
Julie	**Reses**	

7.1.2 Die vergadering herbevestig bogenoemde ritme.

7.1.3 In terme van hierdie ritme is dit nou die geleentheid om die uitvoering van die sinode se vier funksies (visionêre leiding, navorsing, begeleiding en bestuur te evalueer.

7.2 Visionêre leiding

7.2.1 Tydens die SK se vergadering van 27 November 2003 is die volgende raamwerk vir visionêre leiding aanvaar:

Roeping	Uitgevoer deur
Eenheid (konvent, kerkhereniging, ekumene)	**Moderatuur**
Publieke getuienis	**Moderatuur**
Missionêre kerk	**Barmhartigheidsdiens en Getuienis**
Families	**Gemeentebediening en Jeug**
Skrifgebruik (wyse van besluitneming in vergaderings, hoe God ons deur die Skrif vorm en stuur)	**SK en die Navorsingsnetwerk**
Kommunikasie	**Moderatuur, Skriba**

7.2.2 Die vergadering evalueer die gee van visionêre leiding.

7.2.3 Terugvoer uit die vergadering

Die volgende gedagtes word na 'n bespreking in kleingroepe genoem:

- 'n Brief van die moderatuur wat vier keer per jaar na elke kerkraad gaan en op kerkraadsvergaderings behandel word. Byvoorbeeld: inligting oor vordering met kerkeenheid
- Dagbestuursnotules word aan SK-verteenwoordigers van Ringe gestuur.
- Familieforum is gestig en tienerswerkswinkel is gehou.
- Moderatuur is betrokke by die organisering van die konvent.
- Daar vind in die afgelope tyd groter samewerking tussen die verskillende kerke plaas. Sensitief vir dwang van prosesse.
- PE-Nooitgedacht werk saam met die RCA. 'n Jeugkamp is onlangs saam met die PE gemeente van die RCA gehou.
- Die Oos-Kaapse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes skep groot opgewondenheid.
- Bou van bande met ander moderature.
- 'n Ontbyt met sakemanne word met Coenie Burger gehou.
- 'n Besoek aan die premier, me Balindlela.
- OosKaap eNuus word positief ervaar.
- Daar word nog verder gedink oor die sinodale koerant.
- Verhoudinge moet met die media gebou word. Die algemene publiek is bewus van die stief behandeling wat die media die NG Kerk gee. Bande moet met redakteurs en ander media-leiers gebou word. Een van die senior personeel by *The Herald* is 'n Afrikaanssprekende persoon.
- Meer energie moet aan ons rol rondom publieke getuienis gegee word. 'n Gereelde kolom in 'n

koerant. In watter mate kan *fraternals* benut word om leiding op die gebied van publieke getuienis te gee?

- NG dominees word opgeroep om deel te wees van plaaslike *fraternals* en moet selfs inisiatief neem om dit te stig, waar nodig.
- Die kerk se stem is nie hoorbaar in die media nie. Hieraan moet gewerk word. Briewe in briewekolomme moet benut word.
- Kommunikasie: elke gemeente moet 'n amptelike e-pos hê vir kommunikasie. Die gemeente moet die pos reg administreer. Die kerkraad moet besluit dat en hoe hulle e-pos wil ontvang.
- Inskakel by SARK is 'n prioriteit.

7.3 Navorsing

7.3.1 Tydens die SK se vergadering van 27 November 2003 is die volgende raamwerk vir navorsing aanvaar:

Roeping	Uitgevoer deur
Verband (ecclesia completa)	**Sinodale Regskommissie**
Homoseksualiteit	**LAS**
Spiritualiteit	**LAS**
Persoonlikheid en spiritualiteit	**LAS**
"Dominee" as ampstitel	**LAS**
Nuwe Gemeente Ontwikkeling	**Gemeentebediening en Getuienis**
"Lobbying"	**Netwerk vir Navorsing**
Vestiging van 'n Netwerk vir Navorsing	**Ad Hoc Projek-bestuurder Navor-sing: Prof PJ Naudé**

7.3.2 Die vergadering evalueer die stand van navorsing in die sinodale gebied en maak aanpassings waar nodig.

7.3.3 In die Notule van die SK, 27 November 2003, word by pte 11.2.1 en 11.2.2 die inhoud van 'n kleingroepbespreking weergegee wat van waarde is in hierdie evaluering.

7.3.4 Terugvoering uit vergadering

Die volgende gedagtes word na 'n bespreking in kleingroepe genoem:

- Daar is opdragte uitgereik oor navorsing en dit geniet aandag.
- Uitnodiging om inligting oor navorsingsprojekte aan die projekbestuurder deur te gee.
- Meer konkrete sperdatums moet aangedui word.
- Uitnodigings kan aan alle persone gerig word om deel te wees van navorsingsprojekte.

7.4 Begeleiding

7.4.1 Tydens die SK se vergadering van 27 November 2003 is die volgende raamwerk vir begeleiding aanvaar:

Roeping	Uitgevoer deur
Diensverhoudinge	**Gemeentedienste Netwerk (GDN)**
Versorging	**Gemeentedienste Netwerk**
Gemeente Dienste Netwerk (GDN) , wat verband hou met: · **Diensverhoudinge;** · **Versorging;** · **Sin. Werkswinkel;** · **Fasilitering**	**Ad Hoc Projek-bestuurder GDN: Ds Barnard Steyn (in samewerking met DL Gemeentebediening en dr Chris van Wyk)**

7.4.2 Die vergadering evalueer die stand van begeleiding in die sinodale gebied en maak aanpassings waar nodig.

7.4.3 Terugvoer uit die vergadering

Die volgende gedagtes word na 'n bespreking in kleingroepe genoem:

- Groot moeite met die sinodale werkswinkel gedoen, maar inhoudelik het vanjaar se werkswinkel nie in alle opsigte aan die verwagting voldoen nie.
- Sinodale Werkswinkel : sinkroniseer – ons kan nie die Tienerbedieningswerkswinkel twee of drie weke voor die sinodale werkswinkel hou nie.
- Die Sinodale Werkswinkel is by die Dagbestuursvergadering van April 2004 indringend bespreek.
- Dank word aan Johannes Nortier en die Cradock-span oorgedra vir hulle insette met die werkswinkel.
- Versorging: word proponente wat die eerste keer in die bediening inkom versorg? Het B-Net mentors aangestel? Die Algemene Sinode is besig met die samestelling en ontwikkeling van programme. Suid-Transvaal se model van mentorskappe is beskikbaar, en Chris van Wyk het ook 'n program opgestel.
- Bemarking van programme is belangrik.
- Bediening aan Vrouelidmate het 'n leraarsvroue-byeenkoms gehad. Dit is deur 20 persone bygewoon.
- Vrouebediening word betrek by B-Net se dienste.
- Die Familiebediening het by B-Net bygekom.

7.5 Bestuur

7.5.1 Tydens die SK se vergadering van 27 November 2003 is die volgende raamwerk vir bestuur aanvaar:

Roeping	Uitgevoer deur
Kommunikasie: · **Elke aspek van die sinode se funksionering vorm die inhoud van kommunikasie;** · **'n Sinodale koerant wat aan elke gemeente in die streek versprei word, kan effektief wees;** · **Webblad en E-pos;** · **Die kommunikasie moet beide op ons eie lidmate en die openbare lewe (publiek, regering, ander rolspelers) gerig wees;** · **Openbare geleenthede soos inbelprogramme;** · **Artikels in tydskrifte**	**Moderatuur: die skriba neem leiding**
Projekbestuur	**Direkteur Administrasie Deskundige lede Ringskommissies Ad Hoc Projektuurders (tans Navorsing en Gemeente Dienste Netwerk)**
Kerkorde	**Sinodale Regskommissie**
Verhoudinge met Patmos	**Moderatuur**

7.5.2 Die vergadering evalueer die stand van begeleiding in die sinodale gebied en maak aanpassings waar nodig.

7.5.3 Terugvoer uit die vergadering

Die volgende gedagtes word na 'n bespreking in kleingroepe genoem:

- Kommunikasie werk baie goed. Dank aan Danie Mouton.
- Die moderatuur geniet vertroue omdat die kommunikasie met Patmos in stand gehou word.
- Die skriba word versoek om inligting oor die benutting van SMSe in gemeentes in eNuus deur te gee.

8. BEGELEIDINGSNETWERK

8.1 B-Net Dienste

Ds Barnard Steyn stel die dienste van B-Net aan die SK bekend. 'n Pamflet is beskikbaar wat die dienste verder omskryf. Die beginsel om gemeentes te vergoed waar hul leraars dienste lewer, is aanvaar.

8.2 Opleiding vir Fasiliteerders

Fasiliteringsopleiding deur CFN vind plaas van 23-26 Augustus in Port Elizabeth.

8.3 Positiewe Ouerskapkursus

Mev Alta Marais is genader om die Positiewe Ouerskapkursus te kom aanbied, moontlik op 17,18 Augustus 2004.

8.4 Teologiese Dag (9 Oktober 2004)

Prof Adrio König kom bied drie sessies by ons teologiese dag aan. Dit neem die volgende vorm aan:

Ontbyt: Persoonlike geestelike vernuwing

Teetydsessie: Gemeentelike vernuwing (Teikengroep Taakspanne van die Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes)

Middagsessie: Teologiese vernuwing (Teikengroep: Moderatuur, Deskundige Lede, en ander belangstellendes).

8.5 Beroepsontwikkeling

'n Advertensie word in die volgende OosKaap eNuus geplaas sodat kundiges aansoek kan doen vir hierdie portefeulje. Die aanstelling sal deur die SK-Dagbestuur op advies van B-Net bevestig word.

8.6 Lenteskool

'n Lenteskool word van 13 tot 14 Augustus in Port Elizabeth aangebied onder leiding van Mark de Vries.

9. DIENS VAN BARMHARTIGHEID

9.1 Verslag

Dr Oliphant doen mondelings verslag oor vordering met sy inisiatiewe as deskundige lid vir Barmhartigheid.

9.2 Vigsforum

9.2.1 Die Algemene Sinode (AKDB) se Vigsforum is gestig.

9.2.2 Dr A Oliphant word as sinodale verteenwoordiger op die Vigsforum aangestel.

10. EKUMENE EN FAMILIE NG KERKE

10.1 Uitvoerende Komitee Konvent vir Eenheid

10.1.1 Kennis geneem dat die UK op 11 Mei 2004 in Stellenbosch vergader het. Die Konvent vergader op 22-23 Junie in Brackenfell.

10.1.2 Die voorsitter doen 'n beroep op elke ring om te verseker dat drie persone per ring afgevaardig word.

10.1.3 Die nodige dokumente is reeds vir die aandag van ringskommissies aan ringskribas versend.

10.2 Terugvoer: Transformasie Dag van Gebed 2 Mei 2004

Lede wat betrokke was by die Dag van Gebed op verskillende plekke in die streek, gee terugvoer:
In PE het 7,000 persone in New Brighton, 'n swart woonbuurt, bymekaar gekom. 'n Groot getal hiervan het uit histories blanke kerke gekom, 'n betekenisvolle ontwikkeling wat verwagtinge oortref het..
In Humansdorp was die verteenwoordiging vanjaar nie so goed nie.
By Cradock het ook 'n geslaagde byeenkoms plaasgevind.

11. GEMEENTEBEDIENING

11.1 Verslag DL Gemeentebediening

11.1.1 Bylaag R (Verslag van die Deskundige Lid vir Gemeentebediening aan die SK dd 13 Mei 2004) dien voor die vergadering.

11.1.2 Kennis word geneem van punte 1. tot 5.

11.2 Huweliksverryking vir Predikante

11.2.1 Bylaag S (Family Life Huwelikseminaar – ongedateerd) dien voor die vergadering.

11.2.2 Kennis word geneem van die bylaag in sy geheel.

12. GETUIENIS

12.1 Kursus: Korttermyn-Uitreike

12.1.1 **Bylaag I** (Opleiding vir lidmate wat aan korttermyn Uitreike wil deelneem - ongedateerd) dien voor die vergadering.

12.1.2 Die vergadering neem kennis van die bylaag in sy geheel.

13. JEUG

Geen verslag nie.

14. KOMMUNIKASIE

Geen verslag nie.

15. LEER EN AKTUELE SAKE

15.1 Besprekingspunt Homoseksualiteit

15.1.1 **Bylaag K** (Ring van Algoa : Besprekingspunt: Homoseksualiteit dd 21 April 2004) dien voor die vergadering.

15.1.2 Kennis geneem. Die Ring word versoek om die saak self te hanteer en dit met AKLAS op te neem. Indien die saak nie na bevrediging van die Ring via AKLAS hanteer kan word nie, word die ring versoek om die saak weer onder die SK-Dagbestuur se aandag te bring. Keerdatum – 3 maande voor 10 Oktober (konstituering van die Algemene Sinode).

16. NETWERK VIR NAVORSING

Geen verslag nie.

17. VROUELIDMATE

Geen verslag nie.

18. PROJEKTE

18.1 Befondsingskedule Ringsprojekte Bylaag J en J1

18.1.1 Bylaag J (Oorskot op Ringsprojekte – ongedateerd) dien voor die vergadering.

18.1.2 Besluite

Pte 1 tot 5.5: Kennis geneem

Pt 6.1 – Goedgekeur

Pt 6.2.1 – Kennis geneem

Pt 6.2.2 – Kennis geneem

Pt 6.2.3 - Goedgekeur

Pt 6.2.4 – Goedgekeur, met die invoeging van die woorde "(deur die SK-Dagbestuur)" tussen die bestaande woorde "goedgekeurde" en "projek(te)"

Pt 6.2.5 – Goedgekeur

18.1.3 **Bylaag Vervangende J1** dien voor die vergadering. Die DA gee terugvoer dat fondse slegs aan Ringe uitbetaal word, en dat Ringe se boeke per besluit nou geouditeer word en aan die SK deurgegee sal word.

18.1.4 Kennis geneem van J1.

19. FINANSIES EN ADMINISTRASIE

19.1 Begroting 2004/2005 Bylaag M en M1

19.1.1 Bylaag M (Begroting 1 Maart 2004 tot 28 Februarie 2005) dien voor die vergadering. Die uitgawes word nou per sinodale besluit in terme van die funksies van die sinode gelys.

19.1.1.1 Die vergadering neem kennis van die begroting.

19.1.2 Bylaag M1 (Aantekeninge) dien voor die vergadering.

19.1.2.1 Kennis geneem.

19.1.3 Gesprek word ook gevoer oor die kapitalisering van 75% van die rente op sinodale belggings. Punt 5.2.4 van die SK-Dagbestuur-notule van 5 Februarie 2004 het betrekking.

20. KORRESPONDENSIE

20.1 Skrywe Voorsitter ASK

20.1.1 Bylaag N (Skrywe Voorsitter ASK dd Mei 2004) dien voor die vergadering.

20.1.2 Die versoek om die brief te versend word goedgekeur.

21. ANDER SAKE

21.1 Verslag van die Moderatuur

21.1.1 **Bylaag P** (Notule Vergadering Lede van die Moderatuur dd 11 Mei 2004) dien voor die vergadering.

21.1.2 Besluite:

Pte 1 – 4.2 Kennis geneem.

Pt 5 Afgehandel by pt 6.2.3.1 hierbo.

Pt 6.1 – 6.1.2 Kennis geneem

Pt 6.2 – 6.2.2 Goedgekeur

Pt 7 – 7.2.1 Goedgekeur.

Pt .8 – 8.1.1 Kennis geneem.

Pt 8.2 - 8.2.1 Goedgekeur.

Pt 9.1 Kennis geneem

pt 9.2 – Afgehandel by punt 6.1.5 hierbo.

Pt 10.1 Kennis geneem

Pt 10.2 Goedgekeur

Pt 11-11.1.1 Kennis geneem

Pt 11.1.1.1-11.1.1.2 Goedgekeur.

Pt 12 Kennis geneem

21.1.3 **Bylaag Q** (Prinsipiële Verwysings-raamwerk vir Deskundige lede dd 29 November 2003) dien voor die vergadering.

21.1.4 Besluit: Goedgekeur.

22. VOLGENDE VERGADERINGS

22.1 Die vergadering neem kennis van die volgende vergaderdatums (in Port Elizabeth):

22.1.1 29 Julie 2004 - SK-Dagbestuur
22.1.2 28 Oktober 2004 - SK-Dagbestuur
22.1.3 25 November 2004 - Sinodale Kommissie

23. AFSLUITING

Die voorsitter sluit die vergadering met gebed af.

Goedgekeur en onderteken te Port Elizabeth op die SK-Dagbestuursvergadering van:

Voorsitter: Ds EGJ de G Schutte

Skriba: Ds DW Mouton

Ander lede van die Kommissie: